LAERSKOOL
HERMANUS
PRIMARY

PROSPEKTUS 2027

Indeks

- Boodskap van die skoolhoof (bl.3)
- Inleiding (bl.4)
- Ons Waardes, Missie, Visie & Motto (bl.5)
- Infrastruktuur en sportvelde (bl.6)
- Geskiedenis van ons skool (bl.7)
- Ons leermodel (bl.8)
- Akademie (bl.9-10)
- Onderwysers & Kommunikasie (bl.11)
- Toelating (bl.12)
- Skool ure & Stiptelikheid (bl.13)
- Skoolgelde & Snoepie (bl.14)
- D6 Toepassing (bl.15)
- Uniform & Kleregids (bl.16-18)
- Skool Etiket (bl.19)
- Skool Reëls (bl.20-22)
- Dissiplinêre Prosedures (bl. 23-25)
- Sport & Kultuur (bl. 26-27)
- Skoollied (bl.28)

Skoolhoof	:	Mnr. J.G. Giliomee
Adjunkhoof	:	Mnr. H. Wichers
Adjunkhoof	:	Mr. J. van Zyl
Sekretaresses	:	Mev. De Villiers - Skoolhoof Mev. Mulder - Administratief / Toelatings Mev. Burger - Finansies Mev. Lotz - Finansies
Straatadres	:	Dirkie Uysstraat HERMANUS 7200
Posadres	:	Posbus 90 HERMANUS 7200
Telefoon	:	028 312 3670 / 312 3680
Faksnommer	:	028 312 3711
E-posadres	:	principal@hermanusprimary.org.za
Web adres	:	www.hermanusprimary.org.za

BOODSKAP VAN DIE HOOF

Baie welkom by Laerskool Hermanus. Dit is werklik ‘n voorreg om u te verwelkom, en ons glo u sal vinnig tuis voel en deel word van die Laerskool Hermanus familie. Dit is van uiterste belang vir ons dat beide ouers en kinders betrokke raak by die skool se wye verskeidenheid aktiwiteite.
Laerskool Hermanus is 'n parallelle medium skool wat onderrig bied in Afrikaans en Engels, vir Graad 1 tot 7. Ons streef daarna om vir elke kind 'n gevoel van behoort te skep deur 'n veilige ruimte te bied waar kinders holisties kan ontwikkel en kan groei tot goed afgeronde jong volwassenes. Die skep van 'n veilige omgewing vir elke kind verseker 'n ideale omgewing vir kwaliteit leer en onderrig. Ons opvoeders fokus daarop om leer relevant, betekenisvol en pret te maak deur die gebruik van tegnologie en verskeie onderrigmetodologieë.
Laerskool Hermanus is ‘n waardegedrewe skool en ons personeel fokus daagliks daarop om hierdie belangrike konsep vas te lê. Dit is van kardinale belang dat elke leerder leer oor die belangrikheid van omgee, liefde en empatie om ons gemeenskap, skool, en wêreld 'n beter plek te maak. Daarom is dit uiters belangrik vir ouers om saam met ons te werk om te verseker dat u kind 'n gelukkige en positiewe ervaring by Laerskool Hermanus beleef.

By Laerskool Hermanus streef ons daarna om 21ste-eeuse vaardighede soos samewerking, kommunikasie, probleemoplossing, kreatiwiteit en kritiese denke te ontwikkel. Daarom moedig ons u aan om u kind aan te moedig om deel te neem aan ons verskeie skoolaktiwiteite soos kuns, musiek, koor, robotika, sowel as verskeie somer- en wintersportsoorte. Deur hierdie vaardighede te ontwikkel, verseker ons dat ons kinders inisiatief kan neem, goed kan funksioneer in spanstrukture, probleme kan oplos en hul volle potensiaal kan bereik.

Dit is vir ons belangrik om goeie verhoudings met ons ouers en gemeenskap op te bou, en daarom moedig ons u aan om betrokke te raak by die skool. Areas waar ouers kan betrokke raak, sluit in die Ouer-Onderwyservereniging (OOV), klasverteenwoordigers, fondsinsamelings en liefdadigheidsprojekte. Ons glo en vertrou dat dit vir u en u kind ‘n wonderlike ervaring gaan wees om deel van die Laerskool Hermanus familie te raak.

J.G. Giliomee

PRINCIPAL

INLEIDING

Laerskool Hermanus is ‘n parallelmediumskool, dus is die Afrikaanse en Engelse leerders in aparte klasse. Ons skool bied van graad een tot graad sewe aan. Ons klein klassies, van 30 leerders, verseker persoonlike aandag in elke leerder se vordering en om ‘n liefde vir leer te kweek.

Laerskool Hermanus gee elke leerder die geleentheid tot groei en ontwikkeling. Inisiatief en spanwerk is van kardinale belang. Hierdeur akkommodeer ons al die talente van ons leerders.

Laerskool Hermanus het ten doel om ‘n diverse leeromgewing vir die leerders te skep. Kinders moet ontwikkel om in hulself te glo en so hul volle potensiaal bereik. Om dit te verwesenlik beskik ons oor:

AKADEMIES

- Professionele, toegewyde en innoverende onderwysers
- ‘n Gunstige onderwyser-leerderverhouding
- ‘n Relevante and meaningful kurrikulum
- Remediërende onderrig
- Mediasentrum
- Goed toegeruste rekenaarlokaal
- Uitstappies en kampe
- Robotika klub
- Goed toegeruste klasse
- Tegnologie en Internet

ONS WAARDES



- ‘n Christelike etos
- ‘n Kind gesentreerde omgewing
- Uitreikaksies na die gemeenskap
- Omgewingsbewaring
- Sterk leierskap en waardeprogram
- ‘n Pro-aktiewe Beheerliggaam met professionele kundigheid
- ‘n Sterk ouer/skool verhouding

ONS VISIE

Laerskool Hermanus streef daarna om ‘n veilige en liefdevolle omgewing te skep waar leerders ‘n uiteenlopende en innoverende ondervinding van leer kan beleef, waar hulle in hulself kan glo, hul volle potensiaal kan ontdek en toegerus word vir die toekoms.

ONS MISSIE

Ons missie is om elke leerder doelgerig en liefdevol te ontwikkel deur ‘n geïntegreerde benadering wat:

- ‘n veilige, positiewe en ideale leeromgewing skep
- samewerking tussen personeel, ouers en gemeenskap bevorder
- 21ste-eeuse vaardighede, emosionele intelligensie en waardes ontwikkel
- professionele groei en innoverende onderrig aanmoedig

VISIE

’n Veilige, liefdevolle en innoverende leeromgewing waar leerders hul volle potensiaal kan ontdek en vir die toekoms toegerus word.

MISSIE

Om elke leerder se volle potensiaal te ontwikkel deur gehalteonderrig, samewerking, innovasie en ’n waardegedrewe benadering.

LEUSE

Horas Signo Tempus Fugit "Ure is belangrik; die tyd vlieg.“

INFRASTRUKTUUR EN SPORT

- Deelname in vele tradisionele sportsoorte
- Drie tennisbane
- Twee rugbyvelde
- Een atletiekbaan
- Ses netbalbane
- Drie krieketkolfblaaie
- Drie gras hokkievelde en ‘n Astro
- Klubhuis met volledige kleedkamers

Gebruik hierdie kaart om fasiliteite en sleutelareas tydens die naweek maklik op te spoor.

Oriënteringskaart



Laerskool Hermanus Primary


1 Main Building Hall/Saal
2 Music / Classrooms/ Garage
3 Musiek Kultuursentrum Music Centre
4 Grondslagfase Gr 1-2
5 Klaskamers Class Rooms
6 Klaskamers Class Rooms
7 Klipgebou Stone Building
8 Klaskamers Class Rooms
9 Tuck Shop Snoepie
10 Main Stand Pawiljoen
Toilets Toilette
Die Anker Klubhuis
Entry Zone Ingangshek

Get Directions to aerskool Hermanus Primary School

Get Directions to LHP Attie Bishop Sportsgrounds

ROUTE BETWEEN VENUES Hermanus Primary → Attie Bishop Sports Grounds (Junior Rugby fixtures) & Senior Hockey Astro **Get Directions**





OTHER VENUES

ATTIE BISHOP SPORTS GROUNDS
Junior Rugby Fixtures
Get Directions

HERMANUS SPORTS CLUB
Senior Hockey Astro
Tennis Club
Paddle Club
Get Directions

GESKIEDENIS VAN ONS SKOOL

STIGTING EN ONTWIKKELING

Die eerste skool is in 1868 gestig en het as die "St. Peter's Mission School" bekend gestaan. Dit was deel van die huidige "St. Peter's Church". Later het dit as die "Anglican Church School" bekend gestaan met mnr. W.H. Paterson as skoolhoof. Die eerste onderwyser was 'n mnr. Soph of Soff.

In 1884 het eerwaarde Van Zyl die N.G. Kerk-skool gestig. Die eerste onderwysers was onder andere Soph, Telétt, McKlene en Knoebel.

In 1887 het die "St. Peter's Mission School" en die N.G. Kerk-skool verenig en dit was die begin van die Publieke Skool (Public School). Mnr. S.G. du Toit was die eerste skoolhoof van dié skool. Die klasse is in die N.G. Kerksaal waargeneem. Die skool het ongeveer 30 leerlinge en drie onderwysers gehad waarvan meester Paterson en "Swallow" Neethling die bekendstes was.

Bouwerk aan die klipgebou onder Hoy se Koppie het in 1907 begin en die gebou is in 1911 betrek met mnr. S.G. du Toit as hoof, mej. Bredenkamp verantwoordelik vir sub A en B, mnr. Paterson vir standerds 1 tot 4 en mej. Neethling vir standerds 5 en 6. Nederlandse en Engelse leerders is in dieselfde klas onderrig.

In 1918 het die skool primêre skoolstatus gekry en 'n staatskool geword. Mnr. S.G. du Toit was hoof tot in 1920. In 1921 het die skool 'n sekondêre skool geword. Omdat mnr. Du Toit nie oor die nodige kwalifikasies beskik het nie, is mnr. J.J. Fick as hoof aangestel. In 1931 is mnr. Fick deur mnr. Lomberg opgevolg.

In 1941 het die skool hoërskoolstatus verkry. Terwyl mnr. Lomberg aan die Tweede Wêreldoorlog gaan deelneem het, het nnr. B.J. Joubert (Oom Joepie) vanaf 1940 tot 1945 as hoof waargeneem. Mnr. Lomberg keer nie na afloop van die oorlog terug nie, maar word hoof van Observatory Boys High School. Mnr. H.C. Jones neem in Januarie 1946 by mnr. Joubert die leisels oor. Die hoër- en laerskool skei in 1952 met mnr. N.J.P.S. van Staden as hoof van die laerskool. Beide skole is toe nog op dieselfde terrein gehuisves. In 1962 is mnr. Van Staden deur mnr. H. Honniball opgevolg. Hy is in 1968 deur mnr. B.A. Kuyler opgevolg en in 1978 word mnr. H.B. Nell die skoolhoof.

'n Nuwe hoërskool is agter Hoy se Koppie gebou en in 1977 betrek. Na vele vertoë tot die WKOD en met die hulp van mnr. Lampie Fick, LP vir Caledon, is die ou hoërskoolgebou uiteindelik opgeknap en betrek die laerskool al die geboue op die terrein.


Op 1 Mei 1992 word die skool 'n staatsondersteunde skool en mnr. H.B. Nell tree af op 31 April 1995. Mnr Cilliers volg hom op as skoolhoof. Sedert 1995 het die ouers van Laerskool Hermanus die volgende projekte vir hul eie rekening aangepak: Die bou van die skoolsaal, bou van 10 klaskamers, 4 motorhuise, snoepwinkel, pawiljoen, klubhuis, kleedkamers, twee administratiewe vleuels, 3 hokkievelde,'n Astrobaan, outomatiese besproeiing op die sportvelde en baie ander kleiner projekte.

In 2014 bou die skool 'n multi-funksionele kultuursentrum van 180 m2. Deur hierdie fasiliteit word beoog om musiek en drama by die skool te ontwikkel. 'n Personeelkamer vir ons onderhoudspersoneel sowel as twee nuwe motorhuise is aangebou. Een van ons motorhuise agter die Juniorgebou is in 'n nuwe klaskamer omskep.

Meneer Cilliers het teen die einde van 2022, na 42 jaar in diens, waarvan hy 27 jaar lank die skoolhoof was, afgetree. Onder sy bekwame leiding het Laerskool Hermanus groot hoogtes bereik. Ons is dankbaar vir die uitstekende groei wat onder Mnr Cilliers se leiding plaasgevind het. In 2024 is Meneer Giliomee aangestel as nuwe skoolhoof.

ONS LEERMODEL

Laerskool Hermanus
Geïntegreerde Leermodel



AKADEMIE

GRONDSLAGFASE: GRAAD 1 - 3

Die grondslagfase bestaan tans uit 15 klasse met 3 Afrikaanse klasse en 2 Engelse klasse vir elke graad. Ons klasgroottes wissel tussen 30 tot 32 leerders per klas. Ons het ook ses onderwysassistente wat die onderwysers in die klas behulpsaam is.

Ons volg die Nasionale Kurrikulum en Assesserings Verklaring (NKAV). Hierdie kurrikulum bestaan uit Huistaal (Afrikaans), Wiskunde, Lewensvaardighede, en Eerste Addisionele Taal. Rapporte word huis toe gestuur aan die einde van elke kwartaal behalwe die eerste kwartaal. Aan die einde van die eerste kwartaal word daar onderhoude met die ouers gevoer.

INTERMEDIêRE FASE : GRAAD 4 - 6

Hierdie fase is die oorbrugging tussen die grondslagfase (Graad 1 - 3) en die Senior Fase (Graad 4 - 7). Gedurend hierdie fase sal die leerder nie meer leer om te lees nie, maar lees om te leer. Denkvaardighede en die aanwending van kennis is die fokus. In hierdie fase sal die leerders ook gespesialiseerde aandag in spesialis vakke ontvang.

Vakke: Tale (Afrikaans en Engels), Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie, Lewensvaardighede (Skeppende kunste, Liggaamsopvoeding en Persoonlike en sosiale welsyn) en Sosiale Studies (Aardrykskunde en Geskiedenis). Soos uiteengesit in die DBO KABV-riglyne wat in 2013 geïmplementeer is. Rapporte word kwartaaliks uitgereik.

SENIOR FASE: GRAAD 7

Ons fokus is om die leerders voor te berei vir die hoërskool. Ons sal die leerders veral aanmoedig om meer onafhanklik te werk, meer verantwoordelikheid te neem, om te fokus op tydsbestuur en om hul studie – en navorsingsvaardighede op te knap.

Vakke: Tale (Afrikaans en Engels), Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie, Lewensvaardighede (Skeppende kunste, Liggaamsopvoeding en Persoonlike en sosiale welsyn) en Sosiale Studies (Aardrykskunde en Geskiedenis). Soos uiteengesit in die DBO KABV-riglyne wat in 2013 geïmplementeer is. Rapporte word kwartaaliks uitgereik.

REKENAARS

Die rekenaarlokaal spog met eersteklas fasiliteite. Elke leerder het sy eie rekenaar tot sy beskikking. Elke klas van graad een tot graad sewe besoek die sentrum weekliks. Die rekenaarlokaal sal ook gebruik word om weeklikse wiskunde intervensie toe te pas deur middel van die MCO platform wat deur die WKOD beskikbaar gestel word.

‘n Kurrikulumgeïntegreerde benadering word gevolg. Rekenaarvaardighede word aangeleer en toegepas deur spesifieke projekte wat aansluiting by die kurrikulum vind.

Ons stel onsself ten doel dat wanneer leerders graad 7 voltooi, hulle reeds ‘n grondige kennis het van die Microsoft produkte: Word, Exel, Publisher, Power Point en Internet explorer. Leerders het ook toegang tot die internet om inligting, soos benodig, te bekom.

Huidiglik beskik al die klasse oor dataprojektors om sodoende die leerproses te verryk. Elke klas het direkte toegang tot die internet. Toekomstige planne is om die leerders toe te rus met tablette wat leer meer relevant, betekenisvol en lekker sal maak.

KUNS

Alle leerders, van Graad 3 tot Graad 7 kry weekliks een uur kunsonderrig in ons goed toegeruste kunslokaal. Die voorgestelde kurrikulum word gevolg. Na skool word aanvullende klasse aangebied waar leerders aan ander kunsmediums en tegnieke blootgestel word. Ouers moet vir kuns wat na ure aangebied word, betaal.

BIBLIOTEEK

Leerders van Graad 1 tot 4 besoek die biblioteek weekliks om boeke om te ruil. Die Graad 5- en Graad 6-leerders besoek die biblioteek elke tweede week.

Die biblioteek is ook daagliks gedurende tweede pouse oop vir leerders se gebruik.

AKADEMIESE ONDERSTEUNING

SKOOLGEBASSEERDE ONDERSTEUNINGSPROGRAM (SGOS)

Elke graad vergader een keer per kwartaal, of soos die behoefte ontstaan, met die SGOS.
Die SGOS adviseer dan die onderwyser hoe om, in die beste belang van die leerder, met die leerhindernisse wat die leerder ervaar, op te tree. ‘n Intervensieprogram word uitgewerk vir leerders met spesifieke leerprobleme. Die ouers sal in kennis gestel word van die SGOS se aanbeveling.

REMEDIëRENDE LESSE

Remediërende klasse word vir leerders wat probleme met skoolwerk ervaar, aangebied. Die leerders kan individuele of groeplesse, met leerders wat dieselfde probleme ervaar, bywoon. Die leerders woon die lesse gedurende skoolure by. Ouers moet vir die ekstra klasse betaal.

SPRAAKTERAPIE

Leerders wat geïdentifiseer is met spesifieke spraak- of taalprobleme mag spraakterapie gedurende skoolure ontvang. Die terapeut werk nou saam met onderwysers en ouers. Indien ouers van die diens gebruik wil maak, moet hulle daarvoor betaal.

BERADER

Ons skool het ook ‘n berader wat kan omsien na die behoeftes van leerders indien daar probleme ontstaan. Berading en terapie sluit onder andere in probleme met depressie, vriendskapsprobleme, afknouery, woede, vrees, die hantering van egskeiding van ouers en algemene emosionele probleme. Skriftelike toestemming is ‘n vereiste vir leerders wat nog nie 12 jaar oud is nie.

KOMMUNIKASIE

- Ons maak gebruik van“WhatsApp-groepe”vir inligting wat ons daagliks wil deurgee. Ons het ‘n “Laerskool Hermanus Primary Community”-groep waarin al die graadgroepe is. U sal deur die loop van die jaar op die verskillende klas-/sport- of kultuurgroepe, waarby u kind betrokke is,geplaas word.
- Indien u ongelukkig is oor iets of ‘n probleem/ bekommernis/onsekerheid wil oplos, is dit belangrik om die regte kanale te volg.



PERSONEEL KONTAKDETAILS

	Skoolhoof Admin	principal@hermanusprimary.org.za
Carina de Villiers	Skoolhoof sekretaresse	carina@hermanusprimary.org.za
Mariette Burger	Finansies	finance@hermanusprimary.org.za
Barbara Lotz	Finansies	blotz@hermanusprimary.org.za
Sanet Mulder	Administratief / Toelatings	sanet@hermanusprimary.org.za

Elzaan van der Merwe	1 A1	evdmerwe@hermanusprimary.org.za	Hanro Smit	5 A1	hsmit@hermanusprimary.org.za
Adri Le Roux	1 A2	a3leroux@hermanusprimary.org.za	Dianne Kemp	5 A2	dianne@hermanusprimary.org.za
Sanlé van Wielligh	1 A3	sanle@hermanusprimary.org.za	Chloe Botha	5 A3	chloe@hermanusprimary.org.za
Debbie Grace	1 E1	debbiegrace@hermanusprimary.org.za	Helen Rossouw	5 E1	helenr@hermanusprimary.org.za
Karin van der Merwe	1 E2	kvdm@hermanusprimary.org.za	Melanie Montgomery	5 E2	mmontgomery@hermanusprimary.org.za
Rolene Pieterse	2 A1	Rolene@hermanusprimary.org.za	Elme Smit	6 A1	esmit@hermanusprimary.org.za
Lesinda Malherbe-du Toit	2 A2	Lesinda@hermanusprimary.org.za	Johan Pelser	6 A2	johan@hermanusprimary.org.za
Jeanette Pelser	2 A3	Jeanette@hermanusprimary.org.za	Marthinus van Vuuren	6 A3	marthinus@hermanusprimary.org.za
Jody Frans	2 E1	jfrans@hermanusprimary.org.za	Chanel Marais	6 E1	cmarais@hermanusprimary.org.za
Karin Sutherland	2 E2	ksutherland@hermanusprimary.org.za	Hannelie Smith	6 E2	hannelie@hermanusprimary.org.za
Alta McDonald	3 A1	alta@hermanusprimary.org.za	Hennie Hattingh	7 A1	hhattingh@hermanusprimary.org.za
Lorraine Liebenberg	3 A2	lorraine@hermanusprimary.org.za	Barney Louw	7 A2	barney@hermanusprimary.org.za
Carin Conradie	3 A3	carinconradie@hermanusprimary.org.za	Suzanne Burger	7 A3	suzanne@hermanusprimary.org.za
Dalana McLachlan	3 E1	Dalanamcl@hermanusprimary.org.za	Bazil Koopman	7 E1	bkoopman@hermanusprimary.org.za
Monique Victor	3 E2	mvictor@hermanusprimary.org.za	Karin Austin	7 E2	kaustin@hermanusprimary.org.za
Marsé Müller	4 A1	mmuller@hermanusprimary.org.za			
Ronel Kruger	4 A2	rkruger@hermanusprimary.org.za			
Zenobia Venter	4 A3	ztventer@hermanusprimary.org.za			
René van Zyl	4 E1				
Caren van der Walt	4 E2	carenvdwalt@hermanusprimary.org.za			

Henk Wichers	Adjunkhoof	hwichers@hermanusprimary.org.za
Johan van Zyl	Adjunkhoof	
Colin Sutherland	DH kurrikulumhoof	csutherland@hermanusprimary.org.za
Agness Scott	Kuns	agnessscott@hermanusprimary.org.za
Nicolas Barkhuizen	Rekenaars	nbarkhuizen@hermanusprimary.org.za
Gideon Coetsee	Berader	counsellor@hermanusprimary.org.za
Tanya Charitou	Biblioteek	tcharitou@hermanusprimary.org.za
Andreline Van Tonder	Bemarking	media@hermanusprimary.org.za
Bertie Gerber	Sport organiseerder	sport@hermanusprimary.org.za
Theresa Wium	Musiek	theresawium@hermanusprimary.org.za
Jurien Strydom	Remediëringsonderwyseres	jstrydom@hermanusprimary.org.za

TAALBELEID

Laerskool Hermanus is ‘n parallelmediumskool. Die Afrikaans eerste taal sprekers is in Afrikaanse klasse en die Engels eerste taal sprekers is in Engelse klasse.

TOELATING

Volgens Suid-Afrikaanse wetgewing is dit verpligtend dat leerders skool bywoon in die jaar waarin hulle sewe jaar oud word. Indien ouers van die reël wil afwyk moet hulle by die Wes-Kaap Onderwysdepartement toestemming kry.

SKOOLBYWONING

Gereelde skoolbywoning is van kardinale belang vir die akademiese sukses van die leerders en daarom moet afwesigheid tot die minimum beperk word. Waar moontlik moet doktersen tandartsafsprake buite skoolure geskied, verkieslik in vakansies.

U moet daarop let dat die onderwyser nie verantwoordelik gehou kan word om werk in te haal wat leerders weens afwesigheid, verloor het nie. Indien leerders vir ‘n tydperk van die skool afwesig was is dit hul eie verantwoordelikheid om die skoolwerk so spoedig moontlik in te haal.

OUERBESOEKE GEDURENDE SKOOLURE

- Daar word van alle ouers verwag om buite die skoolgronde te parkeer en die hoofgebou se ingang te gebruik.
- Daar word verwag dat ouers by ontvangs aanmeld.
- Oueronderhoude met onderwysers oor enige aspek van die leerder se vordering en/of ontwikkeling moet vooraf vir ‘n geskikte tyd gereël word. Ouers besoek die onderwyser dus nie gedurende onderrigtyd by die klas nie. Neem asseblief kennis dat ouers nie ‘n klas mag onderbreek om met ‘n onderwyser te praat of ‘n leerder te roep nie.
- Indien ouers dringend met ‘n onderwyser telefonies of persoonlik wil kommunikeer, en die onderwyser is nie beskikbaar nie, sal ‘n nota aan die onderwyser deurgegee word met oog op spoedige skakeling.
- Items wat by die huis vergeet word, mag nie na die leerders geneem word nie.
- Ruim probleme so gou as moontlik uit die weg, sodat positiewe groei en ontwikkeling moontlik is.

- Woon die eerste oueraand van die jaar by. Vind uit hoe u u kind met huiswerk kan help.

VERKEER OP REëNDAE

Leerders het ten alle tye die reg van weg op die skoolgronde. Volgens wet word ouers nie toegelaat om met hul voertuie op die skoolgronde te bestuur nie. Samewerking in die verband sal hoog op prys gestel word.

SKOOLURE

Graad 1 - 2 :	Maandag tot Donderdag	07:40 - 12:55
Graad 3 :	Maandag tot Donderdag	07:40 - 14:00
Graad 4 - 7 :	Maandag tot Donderdag	07:40 - 14:15
Graad 1 - 3 :	Vrydae	07:40 - 12:45
Graad 4 - 7 :	Vrydae	07:40 - 13:00

OP DIE LAASTE DAG VAN ELKE KWARTAAL, SLUIT DIE SKOOL OM 10:45

STIPTELIKHEID

Maak asseblief seker dat u kind nie laat is vir skool nie. Dit veroorsaak spanning vir die kind en ontwrig die res van die klas. Laat leerders moet by die kantoor aanmeld voordat hulle na klasse gaan.

Graad een en twee leerders mag nie op die skoolgronde rondhang tussen 13:00 en 14:15 nie.

OP- EN AFLAAI VAN U KIND

- Geen voertuie of ouers word ongelukkig gedurende skooltyd op die skoolterrein toegelaat nie. Dit is in die belang van elke kind se veiligheid. Ons vra dat u hierdie reël gehoorsaam.
- Op die eerste dag vergesel die graad 1-ouers die leerders na hul klasse. Hou asb. die afskeid kort. Groet u kind en gaan werk met ‘n geruste hart – hulle is in goeie hande by die skool.
- Kom haal asb. u kind vir die eerste week by die tennisbaan se hek (Magnoliastraat). Vanaf die tweede week kan u self met u kind reël by watter hek hy/sy opgelaai word.
- Onderwyseresse kan nie tussen 13:00 en 14:00 na u kind omsien nie, aangesien hulle ander verpligtinge het. Tref asb. reëlings met ‘n nasorgfasiliteit om u kind te akkommodeer. Leerders moet aan sport deelneem of deur ‘n ouer/nasorg kom haal word. Geen kinders mag sonder toesig op die skoolterrein verkeer nie. Veiligheid is ons eerste prioriteit!

.

SKOOLGELDE

Die skoolgelde vir 2027 beloop **R17 710,00** per leerder per jaar. By aansoek om toelating sal u ‘n brief met volledige inligting oor betaalwyses ontvang.

Skoolgelde word gebruik om die lopende koste van die skool te dek, soos bv. herstelwerk water, elektrisiteit, onderhoud van geboue en sportvelde, die aankoop van toerusting, skryfbehoeftes en die salarisse van die 12 onderwysers wat deur die skool vergoed word.

KOSBLIKKE

By Laerskool Hermanus moedig ons gesonde eetgewoontes aan. Kosblikke moet asseblief so gesond moontlik wees. Geen lekkers, skyfies of gaskoeldrank word toegelaat nie. Indien melk of sap ingepak word, moet die houer se proppie dig kan sluit en moet dit asb. in ‘n plastieksakkie verpak wees. Ons wil graag hê leerders moet die gesonde gewoonte van water drink, aanleer. Kosblikke en waterbottels moet duidelik gemerk wees. Kontroleer asb. gereeld of die naam en van nog duidelik sigbaar is.

SNOEPIE

Grondslagfase-leerders is welkom om op Vrydae die snoepie te besoek. Ons beveel egter sterk aan dat voorafbestellings via die D6+-toepassing gemaak word om lang rye te vermy.

By die skool is daar ook Sticcit-armbande beskikbaar. Ouers kan deur middel van ‘n toepassing geld op hul kind se armband laai. Leerders kan dan op ‘n veilige, kontantlose manier die snoepie op Vrydae, ná skool of tydens sportdae ondersteun.

VERJAARSDAE

Leerders mag, wanneer hulle verjaar, met gewone klere skool toe kom. Indien u partytjie eetgoed wil stuur, versoek ons dat dit asseblief iets sal wees wat maklik uitdeel bv. kolwyntjies, “donuts” ens.

KLEREWINKEL

- Die skooluniform word tans by De Jagers, Hoofweg, Hermanus verkoop.
- Die tweedehandse skooldrag word op Dinsdae en Donderdae vanaf 13:00 tot 14:00 by die skool verkoop. Die winkels bied u die geleentheid om skoon en netjiese skoolklere te bekom. Tree met mev. Burger by die skool in verbinding.
- Skoolsportdrag kan by die skool bestel word op die D6-toepassing.
- Alle finansiele aankondigings en belangrike inligting sal op D6 Connect geplaas word.
- Laai asseblief die toepassing af om op hoogte te bly.

D6-toepassing



Laerskool Hermanus Kleregids



FORMELE SOMERSDRAG | SEUNS

- Grys kortbroek
- Wit kortmouhemp
- Lang grys skoolkouse
- Swart skoolskoene
- Blou skooltrui/moulose trui of skool se sweetpakbaadjie

FORMELE SOMERSDRAG | DOGTERS

- Groen skoolrok
- Wit kortmouhemp
- Wit enkelsokkies
- Swart skoolskoene
- Blou skooltrui of skool se sweetpakbaadjies





FORMELE WINTERSDRAG | SEUNS

- Grys langbroek
- Wit langmouhemp
- Grys skoolkouse
- Swart skoolskoene
- Groen skooldas
- Blou skooltrui/moulose trui of skool se sweetpakbaadjie of reënbaadjie

FORMELE WINTERSDRAG | DOGTERS

- Groen skoolrok
- Wit langmouhemp
- Grys skoolkouse/swart kouse
- Swart skoolskoene
- Groen skooldas
- Blou skooltrui/moulose trui of skool se sweetpakbaadjie of reënbaadjie



INFORMELE SKOOLKLERE MAANDAE - DONDERDAE

- Wit skool LO-hempie
- Blou sportbroekie (seuns)
- Blou sportrompie (dogters)
- LHP skoolsokkies en wit tekkies

SKOOL SWEETPAK

- Blou skool sweetpakbaadjie
- Blou skool sweetpakbroek
- LHP sokkies en wit tekkies



Laerskool Hermanus Kleregids



RUGBY

SEUNS - JUNIORS & SENIORS

- Blou skool rugbytrui
- Blou skool rugbybroekie

NETBAL

DOGTERS - JUNIORS & SENIORS

- Blou skool gholfhempie
- Blou skool sportrompie
- LHP skoolsokkies en wit tekkies





TENNIS SEUNS
JUNIORS & SENIORS

- Blou skool gholfhemp
- Blou skool kortbroekie
- LHP skoolsokkies en wit tekkies

TENNIS DOGTERS
JUNIORS & SENIORS

- Blou skool gholfhemp
- Blou skool sportrompie
- LHP skoolsokkies en wit tekkies





HOKKIE | SEUNS & DOGTERS
JUNIOR & SENIORS

- Blou skool gholfhemp
- Blou skool kortbroekie (seuns)
- Blou skool sportrompie (dogters)
- Blou hokkiesokkies en wit tekkies



Laerskool Hermanus Kleregids

KRIEKET
JUNIORS & SENIORS

- Blou skool golfhempie
- Blou skool sportbroekie
- LHP skoolsokkies en wit tekkies





ATLETIEK

- Atletiekfrokkie en atletiekbroekie (seuns)
- Atletiekfrokkie en blou sportrompie (dogters)





BELANGRIKE INLIGTING

- Alle skoolklere moet duidelik gemerk wees.
- Somersdrag | eerste en vierde kwartaal.
- Wintersdrag | tweede en derde kwartaal.
- Die o/13 A-spanne en eerste tennisspan dra ander uitkenbare sportdrag wat gewoonlik deur borge aan die leerders beskikbaar gestel word.
- Alle skoolklere is verkrygbaar by De Jagers, Hoofweg, Hermanus.
- Alle sportklere is verkrygbaar by die skool se winkel en kan op die D6-aanlynwinkel bestel word.
- Ons moedig leerders aan om sonskerm deurlopend te gebruik.
- Leerders word aangemoedig om 'n skoolhoed te dra tydens skool en na skool tydens sport.

SKOOL ETIKET

INGANG NA SKOOL

Die gebruik van die skool se hoofingang vir voertuie is vir leerders verbode. Slegs die syingange mag gebruik word.

NOTA OM VERSKONING

Indien ‘n leerder om een of ander rede nie ‘n aktiwiteit of oefening kan bywoon nie word dit van die leerder verwag om homself/haarself, tesame met ‘n brief van die ouers, van die betrokke leerkrag te verskoon. Dit is net goeie maniere.

TELEFOON

Die gebruik van die telefone in die sekretaresses se kantore is uitsluitlik vir skoolaangeleenthede. Planne vir naskoolse aktiwiteite moet tuis gemaak word alvorens leerders skool toe kom. Leerders en ouers mag nie van die sekretaresses se kantore bel nie.

Moet asseblief ook nie die skool bel om inligting te bekom wat reeds per D6, SMS, omsendskrywe of met die “School Communicator” gestuur is nie. Lees asseblief u omsendbriewe en bêre hulle vir toekomstige navrae. Dit is baie steurend vir die sekretaresses as hulle voortdurende onnodige vrae moet beantwoord.

SKOOLREëLS

Skoolreëls moet spesifiek wees, sodat leerders weet wat van hulle verwag word. Die meerderheid van die reëls verwys direk na die gedragskode, regte en verantwoordelikhede van die leerders. Die reëls is daargestel om 'n gelukkige en geborge omgewing vir almal te skep.

1. LEERDERS RESPEKTEER HULSELF EN ANDERE

1.1 Die volgende word nie toegelaat nie!

- Vloektaal
- Skaatsplanke
- Klipgooi
- Rook / e-sigarette (“vape”)
- Kougom
- Alkoholgebruik
- Bakleiery (ook kamma bakleiery)
- Spoeg – veral op die sportveld
- Elektroniese speelgoed
- Die dra van messe of enige ander gevaarlike voorwerpe
- Enige gedrag wat die skool se naam kan skaad
- Afknouery, verbale afkraak of terg van leerders
- Die besit van dwelms

2. SKOOLDRAG, HARE, NAELS

Leerders moet by voorgeskrewe skooldrag hou.

2.1 **DOGTERS:** Langhare en kuiwe moet vasgemaak/vasgesteek word. Linte, rekkies en knippies moet in skoolkleure wees (donkergroen, donkerblou (navy), wit)

2.2 Hare moet vas wees in so ‘n wyse dat dit nie in haar gesig hang wanneer sy vooroor leun nie. Alle hare moet vas wees. Geen los stukkies langs die gesig nie.

2.3 Die lengte van hare mag nie buitengewoon lank wees nie en moet vasgemaak word in een of twee poniestert/e.

2.4 Indien haarverlengings of vals hare ingevleg is, mag dit nie te uitspattig/groot wees nie en moet dit netjies vasgemaak wees. Gekleurde hare is nie toelaatbaar nie.

2.5 Geen patrone in platgevlegde hare nie.

2.6 Afros moet netjies wees en mag nie langer as 10 cm in lengte wees nie.

2.7 Bollas moet agter die kop vasgemaak word.

2.8 Geen kleur van hare of sonstrepies word toegelaat nie.

2.9 Geen uitspattige gebruik van haargel word toegelaat nie.

2.10 Geen naellak of grimeermiddels word toegelaat nie. Mag “Lip ice” dra, maar nie lipglans nie.

2.11 Die enigste juweliersware wat toegelaat word, is ‘n horlosie, “medic-alert”-armband of-hangertjie.

2.12 Dogters met gaatjies in die ore mag een klein goue/silwer oorbel in elke oor dra. Geen pêrels of diamante word toegelaat nie.

2.13 Seuns se hare mag nie aan die ore, kraag of wenkbroue raak nie. Geen “walle” word toegelaat nie en ook geen “gel” nie. Seuns se hare mag nie in stappe gesny word nie en geen patrone deur lemme is aanvaarbaar nie. Vermy modegiere.

2.14 Gewone klere wat op spesiale dae gedra word, moet geskik wees om by ‘n laerskool te drag. Die voorreg mag weggeneem word volgens die diskressie van die skoolhoof.

2.15 Skoolsweetpakke met wit tekkies en wit sokkies mag gedurende die winter gedra word. Die bostuk moet toegerits wees en mag nie uitgetrek word nie. **GEDURENDE DIE SOMER WORD GEEN SKOOLSWEETPAKBROEKE GEDRA NIE.**

2.16 Reënkappies moet op ‘n daaglikse basis, na dit gebruik was, netjies opgevou word.

2.17 Die dra van “smart” horlosies is toelaatbaar. Indien wel gedra word, mag dit nie skakel met ‘n selfoon nie. Slim horlosies mag nie tydens formele assesserings (Wiskunde) gedra word nie.

3. GEMERKTE ITEMS

Alle klere, persoonlike items en skryfbehoeftes moet duidelik gemerk word om maklike identifikasie te verseker. Items wat opgetel word sal vir ‘n beperkte periode by die sekretaresses se kantoor bewaar word. Leerders moet gereeld by die verlore goedere gaan kyk indien hulle iets verloor het.

4. LAAT VIR SKOOL

Indien leerders laat is vir skool, moet hulle, tesame met hul ouers, by ontvangs aanmeld. Vir elke twee keer wat ‘n leerder laat kom sal twee uur detensie geld.

5. VERLAAT VAN SKOOLTERREIN

Geen leerder mag die skoolterrein gedurende die dag sonder die toestemming van die skool- of adjunk-hoof verlaat nie. ‘n Brief ter verduideliking moet deur die ouers na die skool gestuur word indien ‘n leerder die skool moet verlaat. Ouers moet leerders by die sekretaresse uitteken alvorens hul die skoolterrein verlaat.

6. FIETSE

Alle fietse moet vasgeketting word. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir diefstal nie.

(a) Geskikte valhelms vir leerders se veiligheid word aanbeveel.

(b) Fietse moet op die skoolterrein gestoot word.

7. RESPEK VIR EIENDOM/VEILIGHEID VAN LEERDERS

7.1 Die personeelkamer, kopieervertrek, hoofingang en motorhuis is verbode terrein vir leerders. Hulle mag ook nie naby die personeel se motors speel nie. Leerders moet gedurende pouses op voorgeskrewe plekke op die terrein speel.

7.2 'n Leerder mag slegs met die toestemming van, of in die teenwoordigheid van 'n onderwyser, iets in die klas gaan haal gedurende pouses, voor of na skool.

7.3 Skoon klasse is die verantwoordelikheid van leerders en die verwagting is dat hulle hul klasse en banke skoon en netjies sal agterlaat aan die einde van die dag.

7.4 Daar word nie geëet en gedrink in die skool se gange en klaskamers nie. (Slegs op reëndae word leerders in die gange toegelaat).

7.5 Leerders mag nie skree of hardloop in die geboue nie. Die "Hou Links"- reël geld wanneer leerders in die gange beweeg. Hul beweeg flink in netjiese rye.

7.6 Dit word van leerders verwag om 'n skoon, rommelvrye skoolomgewing in stand te hou.

7.7 Leerders mag nie in bome, oor heinings, of op hekke en mure klim nie.

7.8 Leerders moet die eiendom van ander respekteer. Niks mag geleen of geneem word sonder die toestemming van die eienaar nie.

7.9 Toestemming moet deur 'n leerder gevra word as hy gedurende lesure die klas verlaat.

7.10 Toestemming moet van die hoof, adjunk- of departementshoof verkry word om kennisgewings of plakkate op kennisgewingborde aan te bring.

7.11 Die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir enige geld of eiendom wat op die skoolterrein wegraak nie. Geld en waardevolle items moet by die onderwysers vir veilige bewaring ingehandig word

8. AANKOMS EN SLUITINGSTYE

Leerders moet sôggens, voor die eerste klok lui, by hul onderskeie versamelpunte wees. Die eerste klok lui om 07:40. Alle leerders word buite die skoolterrein afgelaai. Geen leerder mag die skoolterrein voor die einde van die skooldag sonder die skoolhoof se toestemming verlaat nie.

9. LEERDERS MOET VOORBEREID WEES VIR SKOOL

9.1 Toestemming moet vanaf die skoolhoof of adjunkhoof verkry word indien leerders vir enige rede die skoolgronde moet verlaat tydens skoolure. ‘n Brief met ‘n verduideliking vanaf die ouer moet na die skool gestuur word.

9.2 Tuiswerk moet daagliks in 'n tuiswerkboek geskryf word en in die grade waar dit verlang word, deur ouers geteken word. In sekere grade word “google classroom” gebruik vir huiswerk.

9.3. Siek leerders of dié met 'n aansteeklike toestand moet nie skool toe gestuur word nie.

9.4. Afwesigheidsbriewe word verlang as leerders na afwesigheid terugkeer skool toe. 'n Mediese sertifikaat word verlang vir afwesigheid langer as drie (3) dae as gevolg van mediese redes.

9.5. Briewe mag per e-pos na klasonderwyser(es) gestuur word.

9.6 Gereelde afwesighede sonder verskoning sal na die maatskaplike werker verwys word.

10. ALGEMENE REëLS

10.1 Dit word van leerders verwag om die personeel en alle besoekers aan die skool hoflik te groet.

10.2 Leerders moet opstaan wanneer personeel klasse besoek of met hulle praat op die skoolterrein.

10.3 Leerders mag nie voor saal of gedurende die saalperiode in die saal praat nie.

10.4 Leerders moet ten alle tye vriendelik en hulpvaardig wees teenoor besoekers.

10.5 Leerders moet ten alle tye die personeel respekteer.

10.6 Daar word van leerders verwag om op te staan wanneer hulle tydens saalbyeenkoms aangespreek word.

11. SELFOONBELEID

Selfone mag slegs in noodgevalle skool toe gebring word.

Indien ’n leerder ’n selfoon skool toe moet bring, moet dit by die klasonderwyser vir veilige bewaring ingehandig word. Die selfoon sal aan die einde van die skooldag terugbesorg word.

Die gebruik van sosiale media deur leerders gedurende skoolure is streng verbode.

12. DISSIPLINêRE PROSEDURES


12.1 DISSIPLINêRE KANALE

Dissipline word eers op die laagste vlak hanteer en slegs hoër verwys indien nodig. Ouers begin altyd by die klasonderwyser.

Kanaal	Hanteer
Klasonderwyser	Daaglikse, minder ernstige oortredings
Graadhoof	Herhaalde oortredings
Departementshoof van die fase	Aanhoudende verbreking van reëls; verwys leerders met gedragsprobleme na die Skoolgebaseerde Ondersteuningspan (SGOS)
Adjunkhoofde (Mnr. H Wichers: Gr 1–4 en 6; Mnr. J van Zyl: Gr 5 en 7)	Groen-/Geelvorms, detensie en meer ernstige oortredings
Adjunkhoof, Mnr. H Wichers	Baie ernstige oortredings, finale waarskuwings en verhore
Skoolhoof, Mnr. JG Giliomee	Appèlle, oueraangeleenthede

12.2 POSITIEWE VERSTERKING

Ons erken goeie gedrag eerste. Leerders wat respek, verantwoordelikheid en hulpvaardigheid toon, kry positiewe inskrywings op hul L&R-gedragsprofiel, wat ouers kan sien. Na vier positiewe inskrywings ontvang die leerder 'n blouvorm om huis toe te neem. Na drie blouvorms ontvang die leerder 'n sertifikaat vir puik gedrag.





12.3 **DETENSIE**

Minder ernstige oortredings word op die L&R-gedragsprofiel aangeteken en trek punte af (gemiddeld 5 punte per inskrywing). By 20 punte af, gewoonlik vier inskrywings, gesels die adjunkhoof met die leerder en word 'n groenvorm huis toe gestuur vir die ouer se handtekening. Dit kan tot drie groenvorms herhaal word.Indien daar daarna weer oortredings is, volg 'n geelvorm wat 'n kort detensie aandui. 'n Tweede geelvorm lei tot 'n lang detensie.

- Kort detensie vind plaas op Vrydae van 13:10 tot 15:10.
- Ouers ontvang minstens 'n dag vooraf 'n brief.
- Leerders skryf die gedragskode uit en neem nie daardie dag aan sport deel nie.
- Lang detensie vind plaas op 'n Saterdag (3 uur). Die ouers word ontbied vir 'n dissiplinêre gesprek en 'n finale waarskuwing kan volg.
- Leerders met 'n lang detensie kan die voorreg van kampe en toere verbeur. By 'n finale waarskuwing verbeur hulle dit.

12.5 **DIE ROL VAN DIE LEERDER**

Leerders word verwag om:

- stiptelik te wees en skool gereeld by te woon;
- respek te toon teenoor personeel, medeleerders en skooleiendom;
- skoolreëls te gehoorsaam en korrekte skooldrag te dra;
- geen selfone, vapes, dwelms, alkohol of wapens by die skool te hê nie;
- die skool se goeie naam binne en buite die skoolgronde te dra;
- verantwoordelikheid vir hul keuses en die gevolge daarvan te aanvaar.

12.6 **DIE ROL VAN DIE OUER**

Ouers:

- is die eerste opvoeders van hul kinders se gedrag en maniere;
- neem skriftelik kennis van die Gedragskode en Dissiplinebeleid en sorg dat hul kind daaraan voldoen;
- lees en teken groenvorms, detensiebriewe en skoolkommunikasie, en kyk gereeld na hul kind se L&R-gedragsprofiel;
- woon dissiplinêre gesprekke by wanneer hulle ontbied word;
- bespreek kommer eers met die klasonderwyser en volg dan die kanale in 12.1.

ERNSTIGE WANGEDRAG, SKORSING EN UITSETTING

Ernstige oortredings word nie deur die klasonderwyser hanteer nie, maar direk na die adjunkhoof en skoolhoof verwys. Geen lyfstraf word toegepas nie en elke leerder en ouer het die reg op 'n billike proses.

13.1 DEFINISIES

- Voorkomende skorsing is 'n voorsorgmaatreël van hoogstens 7 skooldae voor 'n dissiplinêre verhoor, wanneer 'n leerder se teenwoordigheid 'n gevaar inhou.
- Skorsing is die tydelike opskorting van 'n leerder se reg om skool by te woon (hoogstens 7 skooldae). Die Beheerliggaam lê dit op ná 'n billike verhoor.
- Uitsetting is die permanente opskorting van 'n leerder. Dit kan slegs deur die Departementshoof van die WKOD bekragtig word.

13.2 **ERNSTIGE WANGEDRAG**

'n Leerder is aan ernstige wangedrag skuldig as hy/sy onder andere:

- herhaaldelik skoolreëls of die Gedragskode oortree;
- ander boelie, intimideer of kuberboelie, of aan rassisme, seksisme of viktimisasie skuldig is;
- in gevegte betrokke raak, aanrand of ander geweld pleeg;
- dwelms, alkohol, sigarette of vapes besit, gebruik of verskaf;
- 'n wapen of gevaarlike voorwerp besit;
- steel, vandalisme pleeg of eiendom beskadig;
- oneerlik is, soos bedrog in eksamens of vervalsing van dokumente;
- pornografie besit of toegang daartoe verkry;
- personeel of leerders disrespekvol of beledigend behandel.

Gevolge kan insluit: 'n dissiplinêre gesprek, detensie, 'n skriftelike waarskuwing (6 maande geldig), 'n finale waarskuwing, voorkomende skorsing, skorsing of uitsetting. Vir 'n verhoor ontvang ouers minstens 5 dae vooraf skriftelike kennis, en hulle het die reg om gehoor te word en te appelleer.

14. BELONINGS

- **AKADEMIESE WERK**
  - Goue sterre, sertifikate en pryse dien as beloning. Top 20 lys word kwartaaliks uitegereik vir graad 5 – 7.

- **SAAL TOEKENNINGS**
  - Toekennings vir uitnemende gedrag soos waargeneem deur onderwysers.
  - Laerskool Hermanus erken graag leerders se sport- en kultuurprestasies buite skoolverband. Ouers kan ’n erkenningsvorm by ontvangs/webwerf verkry, voltooi en teen Donderdae by die Sportkantoor indien vir sportprestasies. Kultuurprestasies moet aan die betrokke kultuurkodehoof voorgelê word. Alle prestasies word eers geverifieer voordat erkenning tydens saalbyeenkomste gegee word.

SPORT

ALGEMEEN

- Afrigting word hoofsaaklik deur opvoeders behartig. Weens die toename in deelname is ons ook genoodsaak om van ouers gebruik te maak. Die skool stel ook in sekere gevalle afrigters teen vergoeding aan.
- Wye verskeidenheid sportsoorte word aangebied.
- Sportdeelname: wedstryde, sportdae en toernooie
- Kostes vir atletiek, netbal, krieket, rugby, tennis en hokkie is by skoolfonds ingesluit.
- Sporttoere word deur ouers betaal.
- Onderwysers bly in beheer van finale spankeuses.

SPORTAKTIWITEITE

SKOOLSPORT	
SOMER	**WINTER**
• Atletiek • Cricket • Tennis • Landloop • Skaak • Robotika	• Rugby • Netbal • Hokkie • Landloop • Skaak • Robotika

Alle inligting rakende die buitemuurse program, sal aan u deurgegee word met die aanvang van elke kwartaal. Neem asb. kennis dat skoolsport voorkeur geniet bo buitesport. Indien u enige navrae het in verband met sport, kontak asseblief ons sportorganisee rder, mnr. Bertie Gerber, by sport@hermanusprimary.org.za .

KULTUUR

MUSIEKONDERRIG

Die funksie van musieksentrums is om musiekopleiding so bekostigbaar as moontlik te maak en sodoende beskikbaar te stela an leerlinge van alle ouderdomme.

Onderrig in die volgende instrumente is beskikbaar:
• Klavier
• Dwarsfluit
• Blokfluit
• Klawerbord

Leerders word opgelei om‘n bepaalde standaard te bereik tydens hul skoolloopbaan. Musiekwaardering en musiekbeluistering word by musieklesse geintegreer om ‘n liefde vir musiek by leerders te ontwikkel. Daar word verskeie geleenthede geskep vir musiekleerders om op te tree by Eisteddfods, musiekfeeste, voorspeel klasse en konserte het sy as solis, duo, trio of ensemble.

Aansoekvorms is beskikbaar by die finansiële kantoor.

SKOOLKORE

Daar is twee skoolkore :
Junior koor : Graad 1 tot graad 3
Senior koor : Graad 4 tot graad 7

Leerders word streng gekeur volgens ‘n vooropgestelde stemtoets. Daar word van die leerders wat gekeur word verwag om vir die volle skooljaar deel te neem.

REDENAARS / TWITTERKLUB

Laerskool Hermanus moedig leerders aan om selfvertroue, kommunikasievaardighede en die vermoë om hulself uit te druk deur redenaars te ontwikkel. Leerders in graad 4–7 kan aan die Redenaarsklub en verskeie kompetisies deelneem, terwyl graad 3-leerders deur die Twitterklub aan openbare optrede bekendgestel word. Leerders kry ook geleenthede om aan spraak- en dramageleenthede deel te neem.

EISTEDDFOD

Leerders kry jaarliks geleentheid om aan die Eisteddfod deel te neem. Dit bestaan uit drama, musiek, kuns, koorsang en skeppende skryfwerk. Deelname hieraan bevorder nie net selfvertroue nie, maar dit dien ook as uitbouing van die unieke talente waaroor ons leerders beskik.

---oOo---

SKOOLLIED

Tussen baai en die berg lê Hoy's Koppie verdwerg

staan brandwag oor dit wat ons eer;

Nooit sal ons vergeet waaraan ons moet meet

die toekoms van elk kind wat hier leer.



Ja, die sout van die see

gee smaak aan ons weë;

Ruwe kranse wys ons staan sterk.

Op ons skool is ons trots, gebou uit die rots

wat standvastigheid gee aan ons werk.

Hermanus ons skool — ons gee alles vir jou;

Ons sal jou naam met vaste tred hou.

Liriek en melodie. : J.J.M. Pieterse, oud-standerd vyf-onderwyser.
Harmonie : Mev. H.H. Geldenhuys, oud-musiekonderwyser. 1984